Bevinding oor Timol sloer dalk maande

('DIE TRANSVALER'
THURSDAY, 2 DECEMBER 1971.

Adv. D. W. ROTHWELL,

Dit kan nog maande duur voordat die hof se bevindings oor die dood van die Indiër, Ahmed Timol, bekend gemaak word. Die staat is gereed om voort te gaan met die ondersoek, maar Timol se regsverteenwoordigers wil eers Hooggeregshof toe gaan.

Adv. I. A. Maisels, QC, wat Timol se ouers verteenwoordig, het gister aansoek gedoen dat die ondersoek vir 'n onbepaalde tydperk uitgestel moet word sodat hy aansoek by die Hooggeregshof kan doen om 'n beslissing oor twee regspunte wat hy geopper het.

In 'n antwoord op 'n vraag van landdros J. de Villiers, het adv. Maisels te kenne gegee dat die aansoek dalk nie voor Januarie aangehoor sal kan word nie.

Die Transvaler verneem egter dat die aansoek dalk nog later aangehoor kan word, omdat dit moeilik ingepas sal kan word op die stampvol rol van die Hooggeregshof.

Uitspraak

En selfs al word dit ingepas, bestaan die moontlikheid nog dat die regter uitspraak vir 'n tydjie sal voorbehou.

Dit kan meebring dat die bevindinge oor die dood van Timol dalk eers in Maart aanstaande jaar bekend sal wees.

Timol is dood nadat hy op 26 Oktober uit 'n venster op die tiende verdieping van John Vorsterplein geval het.

Adv. Maisels wil hê dat alle dokumente, verklarings en inligting oor die dood van Timol onmiddellik tot sy beskikking gestel word. Hy wil ook weet in watter hoedanigheid adv. D. W. Rothwell, senior staatsaanklaer, optree. Verteenwoordig hy die polisie?

Getuienis

Landdros De Villiers het beslis dat die hofstukke nie dadelik aan adv. Maisels gegee kan word nie, en ook dat adv. Rothwell die getuienis moet lei.

Hierop het adv. Maisels aansoek gedoen dat die hof moet verdaag sodat hy eers uitsluitsel oor hierdie sake by die Hooggeregshof kan kry.